

Geen kitsresep, net tree vir tree

Fiksie

Ver in die wêreld Kittie
Santie van der Merwe
LAPA, R230

Die gesegde ‘elke huis het sy kruis’ kry byna nuwe betekenis in hierdie deernisvolle boek van Santie van der Merwe.

En dis nie net Kittie, wat skielik ná ’n liefdesteleurstelling in Londen en in ’n finansiële verknorsing na Suid-Afrika moet terugkeer wat swaar hieraan dra nie.

Ook haar ma, wat ná haar be-roerte nou deur Kittie versorg moet word en vir wie sy eintlik op die oppervlak nog nooit oog-hare gehad het nie, se skouers is krom weens meer as net die beroerte.

Met ’n rou eerlikheid kyk Santie na ’n familiedinamiek en hoe die sondes van die grootouers en ouers op die kinders neerkom – om nie te praat van die skuldgevoel wat kinders met hulle saamdra nie.

Sonder onnodige tranerige, emosionele tonele werk Kittie, haar broer en suster en ook hul ma deur verwyte, wrokke, pyn en verlies wat hierdie leser tot en met die laaste bladsy geboei het.

Die hoofstukke word soms vanuit Kittie en soms vanuit haar ma se perspektief vertel, wat jou soms laat wonder by watter karakter jou simpatie nou eintlik lê.

Aan die begin van die boek klink Kittie werklik amper te goed en te handig om waar te wees, maar soos die familiegebeure ontvou, kan jy goed verstaan hoe ’n tenger vrou geleer het om van karre reg te maak tot koek te bak.

Tot aan die einde ontkyf uit-gerekte sentimentele ek-is-jam-mer-tonele, wat die boek meer trefkrag gee.

Soos Kittie en haar suster wonder: is vergifnis ooit werklik moontlik?

Gaan daar nie altyd iets wees wat jou herinner aan hoe jy ver-ontreg is nie?

Maar dalk kan Kittie Barnard minstens haar kruis neersit.

Of nie.
Dis die lekkerte van die boek – daar is geen kitsresep nie, net tree vir tree.

■ **Lucia Swart-Walters** is die redakteur van *tuplus*.

Wanneer die reis die bestemming is

Om dié reis uit ’n Suid-Afrikaner se pen te lees, en dit nogal in Afrikaans, is beslis so besonders soos die mistieke elemente op hierdie gesogte staproete, skryf **Jacques Myburgh**.

Niefiksie

Elders & Ons Camino
Erns Grundling & Pienkes du Plessis
QUEILLERIE, R250 & SELFPUBLIKASIE, R295

Daar is ’n oormaat van leesstof oor die Camino Francés, die bekende en gewilde pelgrimstog in Spanje. Jy sal heel waarskynlik die moordende 900 km se staproete van Saint-Jean-Pied-de-Port in Frankryk af tot by Santiago de Compostela in Spanje met boeke oor die stap-tog kan teer.

Maar om dié reis uit ’n Suid-Afrikaner se pen te lees, en dit nogal in Afrikaans, is beslis so besonders soos die mistieke elemente op hierdie gesogte stap-roete.

Twee Suid-Afrikaners het in 2015 hierdie pelgrimstog aangepak en besluit om boeke daar-oor te skryf.

Die *Weg*-joernalis Erns Grundling het met *Elders: My 1 025 km te voet langs die Cami-no* (Queillerie), sy fyn waarnemingsvermoë ingespan om die kleure en geure van sy alleen-reis op die Camino vas te vang.

Die skrywer Pienkes du Plessis het ook sy hand gewaag aan ’n boek, *Ons Camino, ’n Spaanse avontuur*, wat hy私家 uit-gegee het nadat hy en sy vrou, Lizzie, die staproete aangedurf het.

Uiteraard verskil elke stapper se ervaring wat dié roete stap, maar die leser sal gou agterkom dat jy met een van die boeke triomfantlik gaan voel of jy self saam die pelgrims se gesnork in *albergues* (’n herberg vir pel-grims op die Camino) oornag het en selfs nog verder as Santi-ago gestap het. Tot by die einde van die wêreld – Finisterre.


Die ander een gaan jou soos ’n pelgrim met flenterskoene en skeenpyne (*shin splints*) laat voel, wat geen lêplek vir sy moeë lyf kon vind nie.

“Ek kan werklik nie wag om vir ses weke afstand te doen van my foon nie,” skryf Erns net voordat hy die staptog oor 40 dae sou aanpak.

“Om volledig onder die radar te beweeg en nie aanhoudend onder die beleg te voel van boodskappe en bemarking nie.

“Om weer te probeer onthou en te ervaar hoe dit was voor ons almal met slimfone begin rondloop het.”

Erns het sy staptog as ’n “di-gitale detoks” beskou en nie sy kamera of foon saamgevat nie.



“**Ná Elders is dit vir ’n wyle verfrissend om Ons Camino met soveel kleur-foto’s te lees.**

Dus moet die leser op sy ryk vertelvermoë staatmaak om ’n prentjie te skets, aangesien daar net ’n paar foto’s in *Elders* verskyn wat medestappers aan hom ge-e-pos het.

Vir Erns was die Camino nie net ’n staptog nie, maar ’n reis van die siel, ’n gewaarwording van die self wat hy al te goed kan beskryf.

Hy slaag daarin om nes ’n goeie storieboek wat karakter-ontwikkeling het, ook sy eie ontwikkeling op die Camino vas te vang.

Hy skryf oor die Comodo-dra-ke wat ’n buffel sal byt en dae aaneen sal wag tot die dier van die byt sterf.

“Ek dink my drake stap ook saam na Santiago. Ek moet seker maak hulle kry nie kans om te byt nie.”

Later het hy hierdie “drake” van hom baasgeraak.

“Al waarop ek fokus, is my asemhaling en die ritme wat my stapstokke uitkap op die grond, soos ’n metronoom op ’n klavier.

“Wanneer ’n gedagte of vraag of versugting aanmeld, neem ek kennis daarvan, en laat dit

gaan.”

As joernalis kry Erns dit goed reg om die mense wat hy op die Camino ontmoet, vas te vang, so asof jy self bladskud met “Je-sus”.

“Nie die historiese of metafisie-se Jesus nie, maar ’n won-derlike Baskiese oom van Se-bastian met ’n kort ponie-sterf . . .”

Ná sy ontmoeting met Jesus is dit ook poëties as Erns die graffiti by een van die bruggies op die Camino raaksien.

“If Jesus was alive today, he would have walked.”

Ná *Elders* is dit vir ’n wyle verfrissend om Pienkes se *Ons Camino* met soveel kleurfoto’s te lees. Alhoewel die foto’s nie van hoë gehalte is nie en som-mer met sy slimfoon geneem is, bevestig dit wel Erns se vertel-lings.

Pienkes en sy vrou het nie die 1 025 km soos Erns gestap nie, maar 327 km van León Spanje tot by Santiago.

Gegewe, daar is redes daar-voor: Pienkes was reeds 80 met ’n pasaangeër toe hy in 2015 die Camino aangepak het.

Soos Erns kan die leser nie

met sekerheid sê hoekom Pien-kes en sy vrou die Camino gaan stap het nie, en ’n mens kry kort-kort die idee dat

hulle dit net as toeriste stap.

“Daar was nie ’n spesifie-ke gesprek of gebeurtenis wat daartoe aanleiding gee-ge het nie. Net maar ’n woord hier, ’n artikel daar, en skielik staar die Camino ons in die gesig.”

Pienkes en sy vrou het ook nie die Camino in al sy glorie vasge-vang om in muni-sipale *albergues* te oornag nie, en het telkemale in hotelle of private kamers gebly en dus nie die stories van die pel-grims op hul reis vasgevang nie.

Pienkes is ook nie so liries oor die *al-bergue* soos Erns toe hulle wel in een oornag nie.

“’n Mens skryf nie briewe huis toe oor die kwaliteit van ’n onthyt in ’n *albergue*

nie. *Desayuno*, sê hulle vir hier-die flentertjies kos.”

Dit kan vir die leser meer klink of Pienkes besig is om die Camino te resenseer, eerder as om hom te stap.

Sy neulerigheid hou ook nie hier op nie.

Soos ’n klaaglied van die monnike het hy selfs ’n lys van klagtes saamgestel!

“Die kos is soos kafeekos.

“Die bad is twee duim diep.

“Die bed wat mooi lyk, is hol,” is van sy klagtes oor een van die *albergues* waarin hulle ten duurste gaan bly het.

Gou voel dit vir jou nadat jy *Elders* gelees het, of *Ons Cami-no* maar net een groot Hello-peter-inskrywing oor die Cami-no is.

Vir iemand wat nie vir Pien-kes persoonlik ken nie, gaan *Ons Camino* beslis nie die tref-krag hê wat Erns se *Elders* het nie. Nadat jy hom gelees het, gaan dit voel of jy vir Erns met sy drake en al ken, en hink-pink saam met hom die Camino gestap het.

■ **Jacques Myburgh** is ’n vry-skutresensent en joernalis by Huisgenoot.



Winckler laat tone krul tot in die bad

Fiksie

'n Liedjie vir Anine
Elsa Winckler
LUX VERBI, R170

Elsa Winckler het amper meer boeke geskryf as wat baie lesers gelees het en het drie Woord-veertjies vir haar romanses ge-wen.

'n Liedjie vir Anine is deel van ’n reeks oor die Breedt- en Vos-families. Dié titels is effens lywi-ger as “gewone” romanses en het ’n Christelike inslag.

Vir hierdie roman het Winck-ler die wêreld van Afrikaanse popsangers as agtergrond gekies – baie slim, gesien die gewild-heid van sangers in hierdie ge-nre. Met dié dat Winckler se seun, Heinz, self ’n sanger is, was so ’n storie-agtergrond am-per natuurlik.

Zander Breedt moet liedjies vir sy nuwe album skryf, maar kan met niks vorendag kom nie. Dié probleem het opgeduik na-dat hy Anine Vos, ’n “ernstige” joernalis, op ’n Kersfeesbyeen-koms gesien het.

Die lirieke en musiek vloei wanneer hy by haar is. Anine is nie beïndruk met sangers van “oppervlakkige” liefdesliedjies nie, maar Zander bedink aller-hande planne om by haar te wees.

Voeg daarby ’n wulpse *group-ie* met wie Zander nie in die bed wil spring nie, ’n wit Mercedes wat Anine agtervolg en haar on-vermoë om haar suster se ge-welddadige dood te verwerk en jy sit met ’n heerlike storie-er-varing. Dis maklik om op die karakters verlief te raak. Die storie lees maklik: Jy wil nie oor woorde struikel wanneer jy met ’n romantiese verhaal in die bed of bad klim nie.

Die geestelike sy voel effens “bygesleep” en Heinz Winckler se liriek vir *'n Liedjie vir Anine* – strofes word deurgaans aange-haal en verskyn volledig agter in die boek – is gewoon laf. Maar voeg musiek en Heinz se bottergladde stem by – luister na die liedjie op Lux Verbi se webblad – en jou vooroordeel verdwyn.

Jy sal *'n Liedjie vir Anine* vir ’n leesgerige buurvrou of niggie wil leen: Jy kan nie anders as om dit te geniet nie.

■ **J.B. Roux** is ’n vryskutresen-sent van Riebeeck-Wes.

Dagboekinskrywings nie hoogtepunt in De Lange-oeuvre

Niefiksie

Gulp
Johann de Lange
XLIBRIS, R250


Die rugkant van die Kaapse jon-ker. Hoe kaler, hoe groter pron-ker.

Die voorblad van *Gulp*, Johann de Lange se versameling grepe uit sy dagboek uit die 1990’s, is ’n na-tekening van ’n prent deur die Kanadese kunstenaar Zachari Lo-gan.

Uit dié beeld van ’n bekepte lat wat by ’n porseleinkrip links tuur – sy broek halfmas – word die boek se skering en inslag onmid-dellik duidelik.

Die weggelate skoenlappers, blommetjies en voël-tjies wat so dikwels Logan se rysige manskarakters soos ’n tweede vel omhul, vorm ’n ironiese subteks.

Die ek-verteller is ’n nouliks versluierde De Lange self: die boek se ondertitel is *Kaapse para-*



grawe, die naam van die veelbe-kroonde digter se literêre blog.

Met die intrapslag kom die spanning opgesluit in Logan se voorbladtekening aan die orde.

Daagliks wentel die verteller, deur die dye voortgedu, tussen die ongekarteerde vergaderplekke van Kaapstad se gay *demi-monde* en sy middelklas-woonstel, wat hy met sy minnaar Damon deel. Dis hier waar hy sy versugting na ’n ver-vulde verhoudingslewe, met skoenlappers en al, probeer be-waarheid.

Maar sy en Damon se verhou-ding is aan ’t verbrokkel – in so ’n mate dat hulle gou deur middel van agtergelate briewe met me-kaar praat.

Die verteller smag na outydse eerlikheid en wedersydse ver-troue. Damon se lewe egter is soos ’n ui: as die een skil van voorgee en verdoesel wegval, lê daar ’n an-der een en wag.

As hy die verteller so byna ter-loops meedeel dat hy ’n rukkike ge-

lede as MIV+ gediagnoseer is, word die reeds ingewikkelde ban-de tussen hulle nog meer intens verstrengel.

Dit is die selfontblotende en dik-wels pynlike tablo wat die diora-ma van *Gulp* vorm.

Tussen die knope van daardie verhaallyn bed die verteller ’n warboel ander dagboekinskry-wings in. Soos dit ’n dagboek be-taam, het hulle dikwels tegelyk ’n terloopsheid en ’n puntenerigheid wat die leser die weefsel van ’n le-we probeer wys.

Só word daar vertel van teater- en fliëkbesoeke en vergaderings met Antjie Krog oor hul projek om ’n bundel Afrikaanse erotiese poësie saam te stel. Ook verskyn lede van die te verwagte *dramatis personae*: Hennie Aucamp, Danie Botha en ander hoëlui uit die Kaapse literêre “mofferati”.

As die toon erg skinderlik raak, bedek die verteller die bespreekte siel met die kleed van amper-ano-nimiteit: dan gee hy niks meer as

voorletters weg nie.

En soos interpunkties tussen dit als deur is daar die verteller se byna obsessiewe besoeke aan Sandy Bay, die gimnasium en elke beskikbare bedieningsluik. Kort-om, as die knaende gim-besoeke suiwer oefening in die oog had, het die verteller tjoefjaf vir Schwarzenegger oë aangesit.

Al sal *Gulp* dus beskutte lesers na hul vlugsout laat tas, vorm dit deel van ’n bekende literêre baan. Die egotekste van W.H. Auden en Derek Jarman skiet mens te bin-ne. So ook John Lahr se bunde-ling van die dagboekinskrywings wat die Engelse dramaturg Joe Orton se laaste agt lewensmaande opteken, en natuurlik Edmund White en Isherwood.

Ook speel die boek in op De Lange se eie kortprosa-meester-werke *Vreemder as fiksie* (1996) en *Tweede natuur* (2000), waarin hy die brokkelrige muur wat outobio-grafie van verdigsel skei soos ’n sweefstokarties betree. Trouens,

van die feitemateriaal wat daardie boeke onderlê, blyk in *Gulp* her-ontgin te word.

Tog is *Gulp* vir hierdie bewon-deraard van De Lange se werk ’n teleurstelling.

Afwesig is die verwikkelde veel-vlakkigheid van *Vreemder as fik-sie* en *Tweede natuur*.

Die hoofvertelling – die aan-en af-verhouding tussen die verteller en Damon – ontlok wel die leser se belangstelling en empatie. So ook die besonder sterk terugflits oor die verteller se verhouding met sy neef Daniel, vir wie hy sy doopnaam opgeoffer het.

Maar origins is daar jammerlik genoeg min wat boei.

Die sekstonele is banaal en saai. As diit by dié tema kom, verskraal die woordmeester De Lange se woordeskat tot ’n sakkie vol speel-grondterme, waaronder “moerse” en “*stunning*”.

Verbasend ook is die boek se ge-breklike versorging. De Lange se werk word immers gewoonlik ge-

kenmerk deur die nougesette af-weeg van de laaste lettergreep.

Daar is kontinuïteitsglipse. In die inskrywing vir 5 April 1994 word gesê die verteller en klie gaan daardie aand fliek. Die vol-gende dag se inskrywing skou te-rug op ’n verjaardagete die vorige aand vir Damon.

Woorde word soms los en soms vas geskryf. Daar is etlike proef-leesfoute en komplekse sinne wat ontrafel.

Die bekende manskoshuis op Stellenbosch word tot Wilgerhof herdoop; die digter Ronel Foster se van word Vorster.

Die ampersand-teken, &, wat De Lange al lank pleks van die woord “en” gebruik, is in ’n gedig meestal esteties bevredigend, maar dit raak ’n hebbelikheid as selfs briewe van Damon wat direk aangehaal word dit bevat.

Ongelukkig is *Gulp* nie ’n hoog-tepunt in De Lange se oeuvre nie.

■ **Jean Meiring** is ’n regsgeleerde van Johannesburg.